

Ek jubel, want die Here kom sy heerskappy vestig

Die Here is die Enigste aan Wie lof toekom: sy daad is groot en Hy red; dit is Hy wat die hemele gemaak het. Teenoor Hom is die gode van die ander volke niks. Daarom sing ons tot sy eer en prys ons Hom.

Die Here is die Enigste aan Wie ons lof en prys toekom – ons lofprysing behels twee sake: 1) Ons moet Hom in aanbidding opsoek saam met die gemeente (vs.8) en offers bring. 2) Ons moet eerbied aan Hom betoon deur laag te buig voor Hom in die besef van die heerlijkheid van sy verskyning. Die Here is die Één oor Wie ons bly is, want Hy regeer – dit is die enkele rede waarom die wêreld in sy bestaan en geskiedenis nie anders kan verloop as wat God beskik nie. Dit is Hy wat kom om te oordeel! Daaroer is ek opgewonde en bly.

Ons leef in 'n gebroke wêreld van onreg en valsheid, waar lof en eer toegeken word aan die nastrewing van dit wat niks is, dikwels met eiebelang in die oog. 'n Mens is op verskeie terreine dikwels uitgelewer aan valse oordeel: werkgewers, sosiale vereistes, teikens wat vir jou gestel word. Toe God gekom het in Jesus Christus, is sy oordeel verwerp en is Hy deur mense vals geoordeel. Sy kinders word steeds hieraan onderwerp.

Ek is opgewonde en bly oor God se koms, want dit is nie Pilatus of ander valse mense in my lewe wat my kom oordeel nie: Dit is my Here en God, die lewende Christus. Hy wat groot reddingsdade gedoen het. Dit is wat die wêreld verkeerd verstaan: sy oordeel is nie blote verdoemenis nie – Hy kom sy regering vestig en oor alles en almal besluit. Sy regering is regverdig en gee lewe, daarom is ek bly, loof en prys, sing en jubel ek.

Gee ek werklik in my bestaan aan die Here wat Hom toekom, al die dinge hierbo? Oortuig my lewensblyheid en toekomsverwagting? Het ek my naaste só lief dat hy my liefde en lof vir God kan sien en aanvoel? Dit sal net gebeur as hulle duidelik kan sien dat ek die Here as enigste Regeerder en liefdevolle God eer; as hulle uit my vertroue en liefde oortuig word dat die Here kom.

Oortuigde lof en nuut-sing tot God roep die nasies, alle volke, hemele en natuur op tot erkenning van sy heerskappy.

Sing: Psalm 66:1, 2 (1936); Skrifberyming 1-2:1, 2, 3

Ds. J Malan (Burgersdorp)